

# talent

Administratief  
Bestuur  
Sekretarieel  
Landbou  
Tegnies  
Verkope / Bemarking  
Tel: 0860 11 75 20

VOO BY SETAS LY ONDER BUROKRASIE

## Private sektor soek meer inspraak

MARLENE MALAN

Die Seta-stelsel (Sector Education and Training Authorities, of bedryfsrade) van die departement arbeid is 'n uitstekende konsep, maar die praktiese toepassing van die beginsels daarvan is nie altyd doeltreffend nie.

Daar is vandag steeds Setas wat nie aan die verwagtinge van sekere belangegroep voldoen nie. Daar is ook dié wat uitstekend vaar, sê mnr. Loudie Groenewald van die Nasionale Opleidingsinstituut (NOI) in Kaapstad.

Me. Liza van Wyk van Astrotech-kollege in Johannesburg meen ook die Seta-stelsel werk nie na behore ten opsigte van verdere onderwys en opleiding nie, "veral wat kort kursusse betref. Dis weens die geweldige burokrasie en oorregulasie."

Volgens Groenewald "was die Seta-stelsel voorheen chaoties en ongeorganiseerd. Daar was baie korrupsie. Die eerste jare van die Seta-stelsel was vormingsjare vir werkgewers, leerders en diensverskaffers. Die onderskeie belangegroep het intussen 'n daadwerklike poging aangewend om die stelsel vaartbelyn te maak. Die Seta-stelsel is goed, maar die werking word bepaal deur hoe doeltreffend elkeen bestuur word."

Groenewald sê die Seta-beginsels is goed, want:

- Dit verskaf 'n struktuur wat geld insamel en geld toedeel waar opleiding en ontwikkeling prioriteite is;
- Organisasies wat opleiding en ontwikkeling doen, kan 40% plus van hul geld terugeis. Organisasies wat nie opleiding en ontwikkeling doen nie, "finansier" dié wat dit wel doen.
- Setas is in verskillende sektore verdeel en sodoende word daar na spesifieke sektore se opleidings- en ontwik-



Dié diagram is 'n eenvoudige illustrasie van hoe Suid-Afrika tans die groter prentjie rondom vaardigheidsontwikkeling sien. GRAFIKA: LIZELLE VAN JAARVELD/INLIGTING VERSKAF DEUR NASIONALE OPLEIDINGSINSTITUUT

kelingsbehoefte omsien;

- Ontwikkelingsbehoefte wat deur formele leerlingskappe aangespreek word, word deur Setas gefinansier. "Leerlingskappe is iets wat nie noodwendig korttermynresultate lewer nie, maar iets wat 'n langtermyn- en substantiewe belegging verg. Die private sektor is ongeduldig wanneer hulle resultate verwag ten opsigte van opleiding en ontwikkeling. Dus gaan die private sektor minder gretig wees om leerlingskappe te finansier wat nou deur Setas gefinansier word."
- Setas is veronderstel om as 'n bron

van inligting en 'n medium vir gehalte-versekering te dien.

Volgens Groenewald is 'n Seta 'n liggaam "wat moet bydra tot die verbetering van vaardighede in Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse vaardigheidsontwikkeling word strategies deur die departement van hoër onderwys en opleiding bestuur."

Setas staan dus op hulle eie, sê hy. "Deel van Setas se verantwoordelikhede sluit in dat hulle belangegroep ingelig moet hou. Setas wat goed bestuur word, doen baie om belangegroep in te lig oor die struktuur en metodiek wat

ter sprake is om geld terug te eis."

Maar die onbewustelike onbevoegdheid en/of ongeërgdheid van sommige werkgewers oor die ontwikkeling van hul mannekrag lei daartoe dat werkgewers min moeite doen om uit te vind hoe die Seta-stelsel werk. "Daar is ook Setas wat nie goed bestuur word nie en dus ook nie werkgewers genoegsaam oor hul werking inlig nie."

Volgens Van Wyk moet kursusse so ontwerp en beplan word dat dit inskakel by vasgestelde eenheidstandaarde sodat krediete vir kwalifikasies toegeken kan word, en sodat werkgewers

heffings kan terugeis. "Dit beteken dat alle kursusse min of meer moet ooreenstem, sodat minimum standaard vasgestel kan word. Enersyds is dit voordelig, maar andersyds beteken dit weer dat hoëgehalte-diensverskaffers die standaard van hul kursusse moet afskaal om in te pas by bestaande standaarde."

Van Wyk sê die regering "is nie bekend vir sy doeltreffendheid en goeie sakepraktyk nie. In die algemeen word

Daar is Setas wat nie goed bestuur word nie en dus ook nie werkgewers genoegsaam oor hul werking inlig nie.

die private sektor meer gerespekteer hiervoor. Tog is dit die regering wat aan die sakewêreld voorskryf hoe opleiding moet plaasvind, en waarin. Dis een gebied waar daar steeds oorregulasie is. Die private sektor gaan nie tyd en geld mors deur personeel te stuur vir opleiding wat nie tot sy voordeel strek nie. Daarom behoort die private sektor baie meer inspraak oor opleiding te hê."

■ Marlene Malan is 'n redaksielid van Rapport.